BOOM-OP-KLIP STYL (ISHI-ZUKI)

Normaalweg word 'n veraf toneel geskep, bloot as gevolg van die feit dat verhoudings reg moet wees. Die rots moet darem hanteerbaar bly, sodat die boompies klein gehou moet word om nie die rots te oorheers nie. 'n Klip van ongeveer 400 mm hoog is al naby die maksimum hanteerbare grootte. Boompies behoort nie groter as 75 mm hoog te wees, om die illusie van 'n berghang, te behou nie.

Om 'n Ishi-zuki te skep kan die volgende punte in gedagte gehou word:

1. Seleksie van die klip of rots

Omdat dit die primêre fokuspunt is, moet so 'n klip of rots iets sê, of weergee. Dit is sekerlik die belangrikste aspek in hierdie styl. Die beste voorkant moet so gekies word dat balans, lyne, en holtes vir die boompies alles reg is. Hoewel meer klippe aan mekaar gegom kan word om die regte effek te verkry, is dit tog wenslik om sover moontlik natuurlike klip te gebruik.

2. Bome

Stadig groeiende boompies met klein blaartjies is verkieslik. Indien moontlik, is reeds gevestige en gestyleerde Shohin (5-10 cm hoog) boompies ideaal, vir vinnige resultate. Die boompie moet by die klip se karakter aanpas. Die Wildevy sou moontlik by 'n koppie tipe klip pas.

3. Grondmengsels

Indien die holtes wat vir die boompies geselekteer word groot geneog is om voldoende grond te bevat, is die normale grondmengsel goed genoeg. Indien die plek beperk is, is dit wenslik om "muck" te gebruik. "Muck" is 'n mengsel van klei en verrotte kraalmis wat goed gemeng, gebrei en verouder is. Hierdie klei-mis mengsel word nou gebruik om die boompies te vestig deur dit om die wortels te pak. Dit verhoed dat die grond afspoel as dit nat gemaak word. Ander voedingstowwe soos kompos, beenmeel, bloedmeel ens. kan ook bygevoeg word.

4. Posisionering

Geen vaste reëls bestaan in die plasing en vorming van die boompies nie. Die klip moet sorgvuldig bestudeer word om die beste plek vir die boompies te verseker sonder om die klip te verbloem. Krake en holtes met karakter moet liefs nie gebruik word om die boompies in te plant nie. Takke moet ook nie te dig wees nie, anders kan dit van die klip se karakter versteek.

Gewoonlik is die klip se bo-punt hoër as die boompies. Die belangrikste aspek om in gedagte te hou, is dat die boompies natuurlik moet lyk. Die werklike vestiging van die boompies hang baie van aspekte van die klip soos krake, holtes en tekstuur, af. Indien die plek baie klein is, kan draad wat aan die klip vasgeplak word, gebruik word om die boompies vas te bind. "Muck" en mos kan gebruik word om die vogtigheid te behou.

5. Houer

Gewoonlik is baie vlak ovaal houers geskik vir hierdie styl, met sand of water daarin.

6. Nasorg

Gewoonlik droog hierdie styl baie vinnig uit as gevolg van die klein hoeveelhede grond. Dit moet dus gereeld natgemaak en klam gehou word. Direk na oorplanting moet die klip met sy boompies eers in die koelte gehou word totdat die boompies gevestig is. Fyn sproei vir benatting is beter as natgooi met byvoorbeeld 'n gieter. In die begin kan die grond gebind word word deur gaas daaroor te span totdat die wortels self die grond bind.

Die normale tegnieke van snoei, bedrading ens. is verder van toepassing.

Ten slotte, hierdie styl is 'n besondere aanvulling tot 'n bonsai versameling in die sin dat dit so bietjie van die veraf berge in die bonsaituin inbring.